

Sing vooraf staande: Skrifberyming 1-4:3 (nuut)

- 3 God maak ons kind en erfgenaam, / Hy stuur vir ons sy Gees.
Ons kan Hom nou ons Vader noem; / aan Hom gehoorsaam wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:1, 9 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Skriflesing: Hebreërs 12

Teks: Hebreërs 12:28; Kategismus Sondag 49

**Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons
dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees.
Want onse God is 'n verterende vuur.** (Hebreërs 12:28, 29 AFR1953)

Ons het in die *Onse Vader* al klaar gebid dat God ons Vader sy koninkryk moet laat kom.

- Ons weet dat die koninkryk van God onbeweeglik en vas is.
- Ons weet ook dat dit nie enige een is wat die genade ontvang om daar te mag ingaan nie.
- Ons weet ook dat dié wat wel daar sal ingaan, al diegene is wat die Here met blydschap en van harte dien.

Dit is iets baie ernstigs om te sê as ons die uitspraak maak dat ons onderdane van God is.

- Dit beteken dat ons verklaar dat daar aan ons geopenbaar is dat ons fisies inwoners van daardie ryk sal wees.
- Maar dit beteken ook dat ons verklaar dat almal aan ons manier van lewe kan sien dat ons die Here nou al met eerbied en godvrugtheid dien.

Dit is nogal 'n ding om voor te bid, want dit moet duidelik wees uit my lewe dat ek lus het om die Here te dien!

Diens aan die Here begin altyd deur te *ontvang*.

- Ons gee in ons aanbidding net ons dank aan die Here – verder ontvang ons net.
- Hy het ons eerste liefgehad – ons het Hom nie eerste liefgehad nie.
 - Juis omdat Hy ons liefhet, gee Hy sy Heilige Gees aan ons om ons op die pad van verlossing te lei.
 - Hy gee kos, klere en beskerming.
- Net so gee Hy dit ook in ons binneste dat ons Hom wil dien en aan sy reëls gehoorsaam wil wees.

Die koninkryk van God is verordineer.

- Dit beteken dat dit vasstaan in God se raad dat sy koninkryk daar is en tot volmaaktheid ontplooi gaan word –
 - daarom ontvang ons dit as 'n feit.
- Net so is ons uitverkiesing ook in die raad van God verordineer –
 - en daarmee saam ook ons wedergeboorte en die lus wat 'n wedergeborene het om God van harte te kan en wil dien en eer.

Ons ontvang dus tot dit ook!

- So ontvang ons by die Here elke geestelike voorreg wat ons het – ons moet dit net gebruik en vir onself toe-eien.
- Ons ontvang by die Here genade wat so groot is dat ons dit werklik nie ten volle kan begryp nie!

Ons word deur die Here se genade so verander dat ons in hierdie lewe al duidelik onderskei word as mense wat in die ewigheid deur die poorte van God se ryk gaan instap.

- Dis hoe dit gebeur dat ons kan bid en vra dat die Here moet gee dat ons en alle mense ons eie dinge kan laat vaar en dat Hy gee dat ons aan Hom gehoorsaam sal wees.
- In die beeld van die *Onse Vader*-gebed: Ons bid dat ons sigbaar en lyflik onderdane van God se koninkryk wil wees.

Geen eerlike mens sal dink hy kan vanself hierdie dinge (soos gehoorsaamheid en ware aanbidding) doen en regkry nie.

- Maar die besef van ons onbekwaamheid dryf ons nie uit op moederverloor se vlakke nie!
- Ons is juis uit die vrye genade van God duur gekoop met die kruisdood van sy Seun.
 - Daarom vlug ons reguit na God toe.
 - Ons gaan vra vir Hom die bewilliging en krag om in ons aardse lewe al die beeld van God se heiligheid te vertoon.

Soms voel mens asof jy wil tou opgooi as jy bly veg teen jouself en jy weet jy is verkeerd in jou sonde, maar jy voel jy kan nie verbykom en aan die wen raak nie.

- Dis goed dat ons sulke oomblikke het, want dis juis daardie oomblikke wat ons nederig hou!
- Dis sulke oomblikke wat ons laat besef dat ons hulp nodig het. Ons kom kort! Iemand moet vir ons die krag gee om reg te kan leef en aanbid!

Daarom gryp ons na die voorbeeld van iemand wat die Here kan dien – en dit inderdaad ook doen – sonder om te mor of te kerm.

- Ons bid dat die Here ons die gesindheid moet gee van die engele wat nou daar in die hemel voor sy troon werk.
- Dis 'n groot ding om jousef te kan oorwin .
... en hy wat sy gees beheers, (is beter) as een wat 'n stad inneem.
(Spreuke 16:32 AFR1953)

Om dus so gehoorsaam te kan wees soos die engele wat nou daar in die hemel is, is 'n baie groot saak. Ons moet weet wat ons bedoel as ons so iets vra.

Die vraag is of dit nie sinneloos is om vir die Here te vra om te gee dat ons aan sy wil, wat alleen goed is, sonder enige teësprak gehoorsaam te wees nie.

- Die antwoord is dat dit nie sinneloos is nie. In die Here Jesus maak God ons bekwaam om Hom met eer en gehoorsaamheid te kan dien.
- Die voorwaarde is egter duidelik dat ons die Here Jesus as die ewige en almagtige God moet ken, bely en aanbid.
- Dink aan die Here Jesus se woorde aan ons:
Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:5 AFR1953)

Sonder Hom kan ons niks doen nie.

- Maar met Hom is ons tot alles in staat – ook in staat om gehoorsaam te kan wees sodat die Here se wil in ons lewens kan geskied.
- Daarvoor het ons byvoorbeeld die belydenis van Paulus om ons te ondersteun:
Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.
(Filippense 4:13 AFR1953)

Kom ons lees wat ons belydenis hieroor leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 49:

124. Vr. Wat is die derde bede?

Antw. Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil versaak (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teësprak gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep so gewillig en getrou mag beoefen en uitvoer (c) as die engele in die hemel dit doen (d).

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 144:1 (p. 691)

- 1 Geloofd sy God wat my in wank'le tyd / 'n rotssteen is, my aangord tot die stryd;
wat tot die kryg my hande toeberei, / so goed is en 'n vestingwerk vir my;
wat my die skans tot redding wil verstrek, / by wie ek skuil, daar my sy skild oordek;
wat in die stryd my altyd trou bewaak / en nou my volk aan my gehoorsaam maak.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 23 Januarie 2011

Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum 24 Februarie 2013

Tekste by Kategismus Sondag 49:

(a)

Matt 16:24 Toe sê Jesus vir sy dissipels: As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg.
Tit 2:11, 12 Want die reddende genade van God het aan alle mense verskyn en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,

(b)

Luk 22:42 en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!

Ef 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

(c)

I Kor 7:24 Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God.

(d)

Ps 103:20, 21 Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Loof die HERE, al sy leërskaare, sy dienaars wat sy welbehae doen!